



TOULEIER



Ek kry bietjie moed in die lapkoppe se tronk

Laas keer het ek vertel van die ondervraging onder aanhouding omdat ek twee pakkies Syndol hierheen laat pos het. Toe teken ek maar einde ten laaste my verklaring wat in Arabies geskryf was. Ek kon maar net hoop dat hulle dit nie in 'n skulderkenning verander het nie.

Een van die wagte word ingeroep en hulle neem my terug na die vertrek waar ek eerste in was. Wanneer die skof ruil, vind ek een van die jong wagte kan darem so effe Engels praat. Hy lyk ook meer simpatiek as die ander wat jou aankyk of die kat jou ingedra het.

Hy vra my toe so bietjie uit en ek deel my storie met hom. Die mannetjie praat my moed in. Hy reken dat ek nie te lank sal hoef te wag om net eers voor die staatsaanklaer te verskyn nie. Dié sal dan besluit of hulle 'n saak teen my gaan maak of nie. Hy meen ook ek lyk darem nie soos jou alledaagse dwelmsmokkelaar nie. Hy ken een van die aanklaers en as dit hy is wat aan diens is môre, behoort dit nie te moeilik met my te gaan nie.

Wat ek later sou uitvind is dat, omdat dit 'n delmverwante saak is, bly mens gewoonlik in aanhouding tot tyd en wyl hulle die pille in 'n laboratorium getoets het. Dit kan enige iets van 'n maand tot baie langer duur.

So teen twee uur die oggend slaap omtrent al die wagte. Nie dat ek vir 'n oomblik dit sou oorweeg om 'n kraak te maak nie! Die laaste van die wagte begin visvang en staan dan op en skakel die ligte af.

Ek besluit om my maar so gemaklik as moontlik te maak op die harde rusbank en te kyk of ek nie ook bietjie kan slaap nie. Skaars vyf minute later bars die offisier aan diens die kamer in en trap die half slapende wagte uit in Arabies. Die ligte moet ten alle tye aanbly. Wanneer hy uitgaan, gluur hulle my aan asof dit my skuld is.

Hulle haal 'n strooibiljet van 'n kitskosplek uit om iets te bestel. Die vriendelike een vra my of ek nie ook wil eet nie. Ek het geen eetlus nie, maar wil ook nie aanstoot gee nie en kies toe maar 'n hoenderswarma.

Toe dit uiteindelik opdaag, wurgkou ek dit maar af. Op 'n ander tyd op 'n ander dag en op 'n ander plek sou dit nogal nie sleg gesmaak het nie.

So teen vieruur gaan die deur weer oop. Twee poliesmanne kom met nog 'n gevangene binne. Dis 'n jong lapkop, in wit gewaad aangetrek. Sy hooftoisel sit heel skeef. Met bloedbelope oë wat wyd oop is, staar hy in die vertrek rond maar hy kry nie gefokus nie. Hy mompel onsamehangend terwyl hulle 'n stel boeie van sy gewigte afhaal.

Die wagte toon meer belangstelling in hom. Mens kan aan sy skouer ophaal en lyftaal sien hoe hy hulle probeer oortuig van sy onskuld. Hy is ook maar net 'n onskuldige, op die verkeerde tyd op die verkeerde plek. Watwou! Ek vind hoe maklik dit is om die blaam te wil skuif. So lyk 'n dronkgat of 'n dwelmslaaf mos! Kan julle nie sien ek hoort nie hier nie!

Die wagte raak gou verveeld met hom. Dan raak dit stil in die vertrek en die sekondes tik weer soos ure af. Mens probeer positief wees. Jy weet mos jy is onskuldig. Maar gaan die aanklaer jou glo? Oor en oor herhaal ek die verduideliking wat ek more moet gee, in my gedagtes. Stedig breek die dag aan. Teen agtuur kom haal hulle my. "Kom, daar is iemand om jou te sien." Die hoop vlam binne my op.

Lees volgende keer verder.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

DIE STEAK IS SO ROU



**DIT HET BEGIN OM DIE
SLAAI OP TE VREET!**

Herstel 'n brandmerk só

Neem 'n suurlemoen en sny dit met 'n mes middeldeur.

Druk die sap uit in 'n groot glas wat met helfte jenewer en helfte tonikum gevul is.

Voeg ys by. Drink genoeg sulke glase (kry nog suurlemoene) totdat die brandmerk op die mat uit fokus begin lyk.

Skuif dan die sitkamerbank oor die merk.



Die Boere het maar gesukkel

In die Anglo-Boereoorlog was tabak baie gesog op kommando en het al skaarser geword hoe langer die oorlog geduur het.

Die Transvaalse koerant *De Volkstem* het in Oktober 1899 'n tabakfonds gestig en weggespring met 'n donasie van 10 pond deur Paul Kruger en 'n skenking van 450 kg deur die sakeman Sammy Marks.

Toe genl. Barry Hertzog die Oranje in Desember 1900 oorgesteek het, het sy kommando twee mudsakke vol tabak oorkant die rivier gekry.

Hulle het in 'n doringbos afgesaal en jy kon die rookdamp wat opgestyg het van ver af sien.

Tabak het só gesog geword dat 'n man met regte tabak skelmpies moes rook, anders moes hy sy pyp die rondte laat doen.

Die burgers se vindingrykheid het wel vir plaasvervaardigers gesorg. Pampoen-, perske- of aartappelblare of sakke is in tabakekstrak gedoop - iets wat gewoonlik as 'n skaapdip teen blouluis gebruik is.

Dit is dan in die son of op 'n blikplaat oor die vuur gedroog, in reepe gesny of fyn gekerf en dan gerook nadat dit soms met 'n bietjie regte tabak gemeng was.

Die herkoms van ons gesegdes (8)

Karnallie: ('n ondeunde, onnutsig)

'n Karnallie is volgens die woordeboeke 'n "geslepe persoon; deugniet, vabond". Die ongunstige betekenis van "geslepe" is vandag net in Nederlands nog van pas en die uitdrukking word in Afrikaans gewoonlik in 'n goedige sin vir 'n vabond gebruik. Die woord karnallie kom uit Frans canaille wat dit uit Italiaans canaglia ("hondegebroed-sel") gekry het en wat met Latyn canis ("hond") verband hou. In albei dié tale het net die ongunstige betekenis bly voortbestaan.

Kasarm: Die hele kasarm (die hele klomp)

Vervorming van kaserne, 'n reeks geboue vir die huisvesting van 'n hele aantal soldate. In 1844 in Afrikaans as kazarne opgeteken.

Kaskenades: Kaskenades aanvang (grappe, streke aanvang)

Kaskenade is 'n vervorming van die naam van die inwoner van die Franse streek Gascogne, 'n gasconnade. Soos elke volk sy spotfiguur het, word die gasconnade van grootpraterie en oordrywing beskuldig. Hy is vol streke en vertel van die goeie eienskappe wat hy nie het nie.

Kat: Die kat uit die boom kyk ('n afwagtende houding inneem; versigtig wees)

Dit verwys dit na die gewoonte van honde om 'n kat 'n boom in te jaag, en dan te sit en blaf en kyk tot dit weer afklim.

Kers: Nie vir (by) iemand kan kers vashou nie (nie kan doen wat iemand anders kan nie)

Voordat elektrisiteit in die wêreld gekom het, het die vakleerlinge van die ambagsman vir die meester 'n kers vasgehou as hy in donker plekke gaan werk het.

Party leerlinge sou nooit die paal haal om self 'n meester te word nie, en dan is gesê dat hy nie by die meester kon kers vashou nie (so onbekwaam is hy).

Die waarde van ALKOHOL

♣ "Soms dink ek aan al die wyn wat ek drink, en dan voel ek skaam. Dan kyk ek in die glas en ek dink aan die werkers in die wingerde en al hul hoop en drome. As ek nie hierdie wyn drink nie, word hulle dalk werkloos, en dan verdwyn alle hoop. Dan sê ek vir myself: Dis beter om hierdie wyn te drink en hulle te help om hul drome te verwesenlik, eerder as om aan my lewer te dink." - JACK HANDY

Waarskuwing: Die verbruik van alkohol kan jou dalk laat wonder wat van jou bra en jou broekie geword het.

♣ "Ek voel jammer vir mense wat nie drink nie. As hulle soggens wakker word, voel hulle so goed as wat hulle heeldag gaan voel." - FRANK SINATRA

Waarskuwing: Die verbruik van alkohol kan jou dalk laat dink jy is sterker, slimmer, vinniger en aantrekliker as die meeste mense.

♣ "Toe ek gelees het oor die slegte gevolge van drank, het ek opgehou om te lees." - HENRY YOUNGMAN

Waarskuwing: Die verbruik van alkohol kan jou laat dink dat die mense SAAM met jou lag.

♣ "Daar is 24 uur in 'n dag, 24 biere in 'n kis. Toevallig? Ek dink nie so nie." - STEPHEN WRIGHT

Waarskuwing: Die verbruik van alkohol kan jou laat glo dat jy kan sing.

♣ "As ons drink, word ons dronk. As ons dronk is, raak ons aan die slaap. As ons slaap, kan ons nie sondig nie. As ons nie sondig nie, gaan ons hemel toe. Dus, kom ons raak dronk en gaan hemel toe!" BRIAN O'ROURKE

Waarskuwing: Die verbruik van alkohol is 'n groot rede hoekom jy soos 'n gestremde dans.

♣ "Bier is die bewys dat God ons lief het en ons gelukkig wil sien." - BENJAMIN FRANKLIN

Waarskuwing: Die verbruik van alkohol kan jou laat glo dat jy logies met lede van die teenoorgestelde geslag kan gesels sonder om te spoeg.

♣ "Bier is ongetwyfeld die beste ontdekking van die mensdom. Goed, ek stem saam dat die wiel ook 'n goeie ontdekking was, maar die wiel gaan nie naastebly so goed saam met pizza soos bier nie." - DAVE BARRY

Waarskuwing: Die verbruik van alkohol kan veroorsaak dat jy jou vriende oor en oor verseker dat jy hulle lief het.

INNERLIKE VREDE !

As jy die dag sonder koffie kan begin;

As jy altyd opgewek is en die pyne en skete ignoreer;

As jy mense nie met jou klagtes verveel nie;

... As jy elke dag dieselfde kos kan eet en dankbaar wees;

As jy kan verstaan dat die mense vir wie jy lief is, waarskynlik te besig is om aandag aan jou te gee;

As jy kritiek en beskuldigings sonder griewe kan verduur sonder om kwaad te word en daarop te reageer;

As jy spanning sonder mediese hulp kan oorkom;

As jy sonder alkohol kan ontspan;

As jy sonder slaappille kan slaap en sommer enige tyd van die dag op enige plek 'n uitjie kan knip . . .

DAN IS JY WAARSKYNLIK DIE GESIN SE HOND!

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

VERSIGTIG!

Wees versigtig vir die internet, veral die Bid-or-Buy bladsy. Moenie sommer blindelings aanlyn koop nie. My vriend het R995 plus AVB vir 'n penis-vergroter betaal. Toe stuur hulle vir hom 'n vergrootglas, met 'n nota: "WAARSKUWING! Moenie in direkte sonlig gebruik nie."



DIE VISSER

Vrou: "Dokter, ek het niks van my huwelik van 27 jaar nie," en sy vertel van al haar man se swakhede, geen liefde of aanraking of komplimente nie. Nadat hy haar 15 minute lank aangehoor het, gaan roep die dokter haar man wat buite wag en vra hom om ook in die spreekkamer in te kom.

Die Dokter druk haar styf teen hom vas, soen haar in die nek op die mond en op haar borste!

Die vrou gaan in 'n trance, en die dokter sê vir die man:

"Dit is wat jou vrou nodig het, drie maal per week. Kan jy dit doen?"

Man: "Wel dokter, ek kan haar Maandae en Woensdae hier aflaai, maar Dinsdae en naweke vang ek vis."

BEGRAFNIS

Die ou en sy vrou staan na die begrafnis by sy moeilike en kwaai skoonma se graf. In die verte verlig die hemele met blitse en gerommel van die donderweer wat opsteek.

Die man draai na sy vrou en sê: "Ek dink jou ma het veilig daar aangekom!"

PARKEERPLEK

Paddy was in Dublin, al swetende omdat hy nie 'n parkeerplek kan kry nie en reeds laat is vir 'n vergadering.

Hy kyk in die lug op en sê: "Ag, Vader, wees my genadig! Wys my 'n parkeerplek, en ek sal elke Sondag in die kerk sit en my whiskey prysgee!"

Net toe gaan daar 'n plek oop. Paddy: "Ag, toemaar, Here. Hier kry ek nou net een."

RESEP VIR 'N LANG LEWE

Die tawwe ou cowboy van Texas gesels met sy kleindogter. As sy 'n lang lewe wil hê, moet sy elke oggend 'n bietjie geweerkruit oor haar ontbytgraan gooi.

Sy kleindogter het sy resep getrou gevolg en is eers op 103 dood. Sy het 14 kinders, 30 kleinkinders, 45 agterkleinkinders en 25 agter-agterkleinkinders nagelaat.

Hulle het haar wens vervul en haar laat veras. Daar is nou 'n gat wat 40 voet diep is waar die krematorium altyd was.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Duskantlander in Anderkantland

Kenia laat jou na óns paaie verlang!

Hannelie Bekker & Chris Noome

Die wyn-situasie is verdrietig," skryf Hannelie Bekker uit Nairobi, Kenia, waar sy in die betaal-TV-bedryf werk. Maar middelmatige wyn teen reusepryse is nie haar grootste kopseer nie. Sy sou nooit kon dink sy sou die paaie in Suid-Afrika mis nie, maar dié in Kenia is só sleg sy verlang na ons slaggate!

"Die pad-infrastruktuur is 'n groot frustrasie: heeltemal ontoereikend met hopelose instandhouding en verskriklik teenproduktief. Ek bly 20 kilometer van my kantoor af en die rit kan enigiets tussen 'n uur en twee en 'n half uur duur."

Terwyl die paaie in 'n toestand is, het die inligtings-supersnelweg vir Hannelie en haar man, Chris, 'n IT-handboekskrywer, heeltemal onkant gevang.

"Die wonderlike internet was die grootste verrassing vir ons. Die voorsiening van bandwydte word ligweg gereguleer (anders as in SA) en is dus uitstekend – mededingend, vinnig en goedkoop. Dis 'n groot faktor in die streek se ontwikkeling en sakepotensiaal en Oos-Afrika is tans van groot belang vir entrepreneurs, beleggers en ander ondernemings; Nairobi word soms beskryf as Afrika se Silicon Valley. Vir ons beteken dit ons het geen gemis aan media nie:

Tussen iTunes en Amazon het ons toegang tot al wat 'n flik, TV-reeks, boek of CD is."

Hannelie en Chris is al byna drie jaar in Kenia en buiten die verkeer geniet hulle 'n goeie lewenstandaard. "Ons bly in Karen, 'n pragtige deel van Nairobi. Ons huur 'n klein kothuis op 'n enorme eiendom vol hoë bome, en daar's vier perde in die 'agterplaas'. Ons maak 'n punt daarvan om soveel moontlik van die land en die streek te sien terwyl ons hier is – die Masai Mara, Tsavo, Amboseli, die pragtige mere in die Groot Rif-vallei, Zanzibar, Lamu, Diani, Mombasa, Dar es Salaam, Kampala, Addis Abeba, Rwanda – al dié magiese name is binne bereik."

Hannelie en Chris het eers 'n kyk-en-besluit-besoek aan Kenia onderneem voordat hulle hul goed opgepak het. "Dit was goeie navorsing. In die algemeen het dit ons verwagtinge reg gevorm. Ons het egter die aanvanklike ontwrigting onderskat.

"Die administrasie en burokrasie aan die begin was regtig erg: bankrekening, posbus, werkspermitte, kar koop, ensovoorts. Jy maak baie foute omdat jy nie van beter weet nie.

"Ons is ook nou eers behoorlik toegerus vir die aanhoudende kragonderbrekings. Een verwagting wat ek mettertyd moes aanpas, is dat Kenia ewe ras-bewus is as Suid-Afrika. Dit is nie die geval nie: Ek het aan die begin dikwels amper verskoning gevra dat ek wit en 'n expat is, tot ek besef het niemand het 'n saak daarmee nie."

Hulle sê " 'n Tydperk iewers anders op die kontinent kan 'n baie verruimende en verrykende ervaring wees. Uit 'n sake-oogpunt is daar enorme geleenthede."

Hulle raad: "Dis belangrik om soveel as moontlik eerstehandse inligting te kry en, indien moontlik, hulp te kry met die administratiewe hoofbrekings van trek en vestig. As jy troeteldiere het, bring hulle saam! Dis 'n bietjie duur, maar verbasend ongekompliceerd, met geen kwarantyn nie."

Daar's 'n wát op jou wát?! Een aand toe ons by die huis kom, was daar 'n hiëna reg by die afdraaipad.

KENIA IN SYFERS

- Geldeenheid Keniaanse sjieling (KES)
- Gewone brood KES85 (R9)
- Bier KES113 (R12)
- Koppie koffie KES140 (R15)
- Petrol KES112 (R11,87)

Die lewe is baie moeilik, jy verlaat dit nie lewendig nie.

– Louis L'Amour se karakter in een van sy Westerns.

LEWENSLESSE

Aangebied deur Jopie Van Wyk

Les 1:

Terwyl Jan in die stort klim en sy vrou daar uitkom, lui die voordeurklokkie. Vroulied draai 'n handdoek om haar en gaan antwoord die deur. Dis Gert, die buurman. Voor sy 'n woord kan uitkry, bied hy haar R1000 as sy haar handdoek sal laat val. Sy dink vir 'n oomblik daaroor en besluit dan om so te maak en staan daar poedelnakend voor Gert vir 'n paar sekondes. Hy stop R1000 in haar hand en waai.

Terug in die kamer vra Jan wie by die deur was. "Net buurman Gert" antwoord sy.

"Mooi," antwoord Jan, "Het hy die R1000 gebring wat hy my skuld?"

Lewensles:

Indien jy belangrike inligting oor kredietsake betyds met mede-aandeelhouers deel, kan jy onnodige blootstelling vermy.

Les2:

'n Priester gee 'n non 'n geleentheid terug klooster toe. So in die ry kruis sy haar bene en glip haar gewaad effe en wys sy deel van haar been.

Die priester maak amper 'n ongeluk, maar kry weer die kar onder beheer. Hy kan homself nou egter nie keer nie en sit sy hand op haar been. Kalm merk sy op: "Vader, onthou Psalm 129"

Hy haal sy hand weg. So 'n entjie verder verander hy ratte en probeer hy weer.

Weer antwoord sy: "Vader, onthou Psalm 129"

Hy haal sy hand weg en mompel 'n verskoning: "Jammer Suster, maar die vlees is maar swak."

By die klooster klim die non met 'n sug uit. terug by die kerk, gaan slaan die priester die Psalm op, daar staan: "Gaan nog hoër op en jy sal glorie vind!"

Lewensles:

As jy nie goed bekend is met jou werk nie, mag jy geleentheid mis.

Les 3:

'n Verkoopman 'n klerk en 'n bestuurder gaan uit vir middagete en op pad kom hulle op 'n antieke lamp af. Hulle doen die vryf-ding en daar spring die genie uit en gee elkeen een wens.

"Ekke eerste!" skree die klerk, "Ek wil by die Seychelle wees op my seiljag sonder 'n kommer in die wêreld." POEF! Sy's weg.

"Ek volgende!" sê die verkoopman. "Ek wil in Hawaii wees op die strand. My eie masseuse en 'n eindelose voorraad Klippies en Coke." POEF! Hys weg.

"Goed dan, net jy wat oorbly," sê die genie aan die baas. "Wat wil jy hê?"

"Ek wil daai twee na middagete terug hê op kantoor."

Lewensles:

Laat jou baas altyd toe om eerste sy sê te sê.

Les 4:

'n Arend sit bo in 'n boom en rus. 'n hasie sien hom en vra: "Kan ek nie ook so sit en niks doen nie?" "Verseker, hoekom nie?" antwoord die arend. En so neem die hasie stelling in onder die boom en sit die twee en niks doen nie. Skielik spring 'n jakkals uit die bos en vreet die hasie op.

Lewensles:

Om te kan sit en niks doen, moet jy baie baie hoog op sit.

Les 5:

'n Klein voëltjie was effe laat om te migreer vir die winter en gaan sit toe in 'n oop veld, te koud om verder te vlieg. Hy besig om te verkleum toe 'n koei verbystap en bo-op hom mis. Dadelik voel hy beter in die warmte van die beesmis. Hy voel later so snoes en gelukkig dat hy uit pure vreugde uitbreek in 'n vrolike getjip. Net toe kom daar 'n kat verby. Hy volg die klank, kry die voëltjie, grawe hom uit, en vreet hom op.

Verskeie lewenslesse:

- 1) Nie almal wat op jou skyt is jou vyand nie.
- 2) Nie elkeen wat jou uit die stront help is jou vriend nie.
- 3) En as jy diep in die akkies is, bly liewer stil daaroor.

SO EINDIG HIERDIE KORT LEEFKURSUS.



Eendag in die Kunstgalery

'n Vrou was besig om deur 'n kunstgalery te stap en kom by twee stillewes wat omtrent identies is.

Daar was 'n bak vrugte, 'n pan brood waarvan een sny afgesny was en 'n glas wyn.

Sy het dit baie interessant gevind, want die een se prys was R2,500 en die ander een s'n R8,000.

Sy kon nie die prysverskil verstaan nie, en roep toe die kurator nader.

"Ag, mevrou," sê hy. "Dis eenvoudig. Die glas wyn in die duur skildery is 'n 1987 Chateau Lafite."



Martini

Aan die einde van 'n baie lang sessie in die kroeg het Fred nog 'n martini bestel.

Hy het 'n hele ruk lank desperaat probeer om die olyf met sy tandestokkie raak te steek.

"Wag, laat ek dit vir jou doen," sê die kroegman," en ryg die olyf op die stokkie.

Fred het deur 'n waas na hom gekyk en gesê:

"Ha! Jy dink seker jy is baie slim, nè. Maar ek wed jou jy sou dit nie reggekry het as ek hom nie eers moeg gemaak het nie."



Die inbraak

Die vrou het ontsteld by die huis aangekom en ontdek dat daar 'n inbraak was. Sy het dadelik die polisie stasie gebel en gevra dat hulle dadelik 'n patrollievoertuig uitstuur.

Soos die ongeluk dit wou hê, was al die patrolliewaens uit. Net die honde-eenheid se voertuig was beskikbaar.

Die hondemeester vra hom toe om die klagte te ondersoek en die vrou asseblieftog gerus te stel.

'n Rukkie later hou die honde-eenheid voor haar huis stil en 'n polisieman met 'n hond aan 'n leiband klim uit.

"Ag nee!" sê die vrou. "Dis net nie my dag nie. Eers word daar by my huis ingebreek, en nou stuur hulle vir my 'n blinde polisieman!"



KLEINSUS

'n Universiteitstudent gaan huis toe vir die vakansie en waarsku haar ouers dat sy haar nuwe kêrel saambring. Die ou is 'n dwergie en die student vra haar ouers om asseblief tog haar sesjarige sussie in te lig.

Die ma neem vir kleinsus eenkant en sê: "Poplap, jou ouer suster kom die naweek huis toe en sy bring haar nuwe kêrel saam. Hy lyk anders as ons, maar jy mag nie vir hom vrae vra of na hom staar nie, gehoor?"

Kleinsus verstaan mooi en belowe om haar te gedra.

Ousus en haar kêrel daag op en toe Kleinsus die kêreltjie sien, kon sy haarself skaars betuel.

Die gesin gaan sit aan vir aandete en Kleinsus vermy oogkontak met die gas en bly tjoepstil. Net ná die hoofgereg dra die ouers en ousus die vuil borde kombuis toe en gaan berei die nagereg voor, en dis net Kleinsus en die dwerg aan tafel.

'n Ongemaklike stilte heers 'n rukkie, maar toe kan die meisietjie dit nie meer hou nie, en vra: "En hoe gaan dit nog met Sneeuwitjie?"

Om 'n fout te maak, is menslik, maar daar is mense wat daarvan misbruik maak.

Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

GEBAKTE VLA.

4 k meel

4-6 eiers

6 e suiker

¼ t sout

½ t vanielje

neutmuskaat.

(vir een bak gebruik 6 eiers, vir individuele koppies gebruik 4)

Verhit melk tot net onder kookpunt. Klits eiers effens en voeg suiker, sout en geursel by. Voeg warm melk hierby en roer totdat die suiker opgelos het. Giet deur 'n sif in gesmeerde koppies of in een groot gesmeerde baksommel.

Rasper neutmuskaat oor. Plaas in 'n bak of pan met warm water (bain-marie) en bak in matige oond 350 °F net tot mengsel gestol het.

Toets in middel met mes - as dit skoon uitkom is dit gaar.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

DOUGLAS honandouglas@gmail.com

Ek wil graag meer uitvind oor die Douglas-stamboom in Suid-Afrika. My oupa is 'n afstammeling van die 1820-settelaars wat hul in die Grahamstad-streek kom vestig het.

FOURIE sdfourie@telkomsa.net

Ek soek meer omtrent die volgende familie:

Cornelius Johannes Lourens geb.? Getroud met Cornelia Gertruid Johanna. Hulle is om en by 1858 tot 1864 gebore. Hulle een seun, Jakobus Nicolaas, getroud met Elizabeth de Villiers, was my ouma en oupa. My ouers: Cornelius Lourens getroud met Sophia Swart. Die stamvader het op Vissersdrift, Bredasdorp gewoon en begrawe. Kan iemand help met die familie?

GRIMBEEK grimbeekmarjorie@gmail.com

Ek sal graag meer wil weet van die Grimbeek-stamboom. Ek weet wel hulle is oorspronklik van Varberg, Swede en die stamvader Edzard Adolph Grimbeek het in 1786 op die skip Meermin in die Kaap aangekom en hom as mediese dokter gevestig. In 1803 het hy 'n groot praktyk daar gehad en was lid van die inentingskommissie. Hy is op 23-12-1787 getroud met Johanna Alida Alleman (gebore 1769) Hulle het 5 kinders gehad.

KORFF ansie.biewenga@farmsecure.co.za

Ek is op soek na my Korff-voorouers. My pa was Stephanus Petrus Korff gebore 11 September ongeveer 1919 in die Pietersburg Distrik. Hy is oorlede 7 Oktober 1983 en was getroud met Martha Maria (du Preez) gebore 11 Februarie 1925. My Oupa was Hendrik Johannes Gerhadus en hy was getroud met Anna Helena (Ook gespel Jelena Martha 'n nooi Fourie). Die kinders uit hierdie huwelik gebore was Hendrik Johannes Gerhardus, Abraham (Apie) my pa en 'n suster Anna Helena Martha (sy is later met 'n Abraham Kempen getroud. My Oupa is oorlede toe die kinders nog klein was en my ouma is later getroud met Jacobus Daniel du Plessis. Ongelukkig het al ons familie dokumente verlore geraak en sal ek dit baie waardeer indien enige persoon kan help.

LANGVELDT audi.lin@telkomsa.net

Ons soek graag inligting oor die familie Langeveldt. Een van ons neefs wil graag 'n boek skryf, maar die inligting is maar skaars.

LE ROUX poppie@nokwi.co.za

Ek is op soek na die Le Roux-stamboom wat in boekvorm gedruk is. Kan enigiemand help om so 'n boek te bekom asb?

Noem dit 'n clan, noem dit 'n netwerk, noem dit 'n stam, noem dit 'n familie. Maak nie saak wat jy dit noem nie, jy het een nodig. - Jane Howard

AGTEROS

Net voor uitspantyd



MARNUS STEYN

het in groot
verleentheid beland
en 'n dure les geleer
– terwyl hy
eintlik net goed
wou doen.

Dit was 'n Sondagmiddag. Lank lank gelede. Die Steyns het almal so 'n bietjie slaap probeer inhaal. Al ses van ons. Om alles te bederf lui die voordeurklokkie.

Niemand wil gaan kyk wie die bedelaar is nie. Lui en vies, lig ek my uit die vere en gaan maak die deur oop.

Voor my staan 'n bejaarde dame, wat ek glo goed verby die vyftig jaar merk afgetrap het.

"Meneer, ons het 'n probleem. Ons is op pad huis toe van die lughawe af en die huurmotor het hier voor in die straat enjinstuipe ontwikkel."

Sy beduie na die huurmotor waar langsaan daar 'n jong man van so ongeveer vyf en twintig by hulle reistasse staan. Seker haar seun.

"Om alles nog erger te maak is ons kar by die lughawe gesteel," gaan sy voort.

"Mag ek jou telefoon gebruik asseblief. Moontlik kan ek ons buurman kontak om ons te kom haal. Dit sal ons probleem oplos. My man en ek het vir sy familie in Holland gaan kuier en nou sit ons met hierdie tameletjie."

"Dame, die telefoon is op die tafel net om die draai. Skakel gerus."

Sy het 'n paar keer probeer sonder sukses.

"Meneer, ek is mevrou Kallenberg. Sal dit moontlik wees dat jy ons kan help? Ek is bereid om te betaal vir die moeite."

Haar van klink baie bekend.

"Mevrou, is jou man dalk 'n lid van die AFV-posseëlvereniging?"

"Ja, vir jare al."

Op daardie stadium was ek reeds twintig jaar lank 'n lid, maar het nog nooit die man in lewende lywe by 'n maandvergadering gesien nie. Dus kon hy slegs 'n lid van die posseëlboekie se rondsenddiens wees. Die boekies is per pos aan hierdie lede gestuur.

Met 'n groot gesin soos ons s'n, het ek destyds 'n Super 10-bussie gehad. Plek vir hulle en die bagasie was derhalwe nie 'n probleem nie. Met die bagasie gelaai, gaan sit sy styf saam met die laaitjie op die middelste ry sitplekke. Soos ons die pad vat bestudeer ek die twee.

"Mevrou, jy sê dat julle vir jou man se familie gaan kuier het? Het hy besluit om langer te bly en net u saam met u seun teruggekome het?"

"Nee meneer, hierdie is my man!"

Was my gesig rooi!

Die les? Ouer dames kan ook 'n groen blaartjie pluk.

Jou volgende KAMMANUUS is op 17 JUNIE